(For release: 26 November 2007)

TOP KUNSTENAARS EN EGOLI STERRE IN MOSSELBAAI!

Die gewilde Bravo Fees vind vir die derde jaar plaas vanaf 18 – 22 Desember in die Huisgenoot Tent by die Garden Route Casino.

Die fees skop hierdie jaar af met ‘n splinternuwe buite-fees program wat daagliks om 11h00 plaasvind by Diaz Strand, Langeberg Winkelsentrum en Hartenbos Strand. Hou die pers dop vir meer inligting.

Mede-Vervaardiger van Franz Marx Films, Burgert Muller sê die rede vir hierdie buite-fees is dat ons die hele omgewing wil betrek by die fees en sodoende vat hulle die fees na die mense toe. “Ons het besluit om die tradisionele oggend promosies groter te maak. Soos gewoonlik, vind die aandkonserte weer plaas by die Garden Route Casino”, sê Muller.

Die fees skop af op **18 Desember** met Kurt Darren, Die Campbells en Shaleen-Surtie Richards.

Jannie Moolman, Rina Hugo, Matthys Roets, die Broers, Annake de Villiers asook Michelle Pienaar en Tamarin du Toit van Egoli bied ‘n kerskonsert aan op **19 Desember**. Kom sing saam en wees deel van hierdie Kersfees-ervaring!

Op **20 Desember** sal Juanita du Plessis, Jak de Priester en die Broers jou betoor met hul nuutste treffers. Egoli se Izak Davel en Marcus Muller gaan saam jol.

Die Egoli & Vriende Vertoning bied vermaak aan die hele gesin op **21 Desember** met 10 Egoli Sterre asook die talentvolle Sarah Theron, Amor Vittone, Arno Jordaan, Fredi Nest, die M-Net Idols Wenner en die Klipwerf Orkes. Ontmoet Shaleen Surtie-Richards (Nenna), Hennie Smit (Bertie), Darryl Desmarais (Stephen), Hannes van Wyk (Krynauw), Michelle Pienaar (Audrey), Mandi du Plooy (Lara), Izak Davel (Scab), Michelle Beling (Candy), Marcus Muller (Liam) en Tamarin du Toit (Cat). Hierdie vertoning is gratis en R10 000 kontant work ook weggegee gedeurende die aand.

Bok van Blerk sluit die fees op ‘n hoogtepunt af en sorg vir vermaak op **22 Desember**.

Die Garden Route Casino bied elke aand ‘n ekslusiewe middernag-bonustrekking aan vir alle konsertgangers ter waarde van R5000!

Swartland Wynkelder bied daagliks die geleentheid om pryse te wen, wyn te proe en heerlike vermaak deur die Broers. Die 3 broers het geen bekendstelling nodig nie. Christo en Cobus is met 6 albums al 14 jaar op die verhoog. Hul jonger broer, Nic Stevens, het self al 2 albums op sy kerfstok en is na sy treffer, “Jonk bly”, alombekend. Dit is egter die eerste keer in hulle loopbaan dat al drie broers saamgespan het om die cd “BROERS “ op te neem. Dis ‘n energieke CD met oorspronklike materiaal in Afrikaans sowel as Engels. Dit sluit treffers in soos “Huistoe”, ”Wanneer kom die reën”, en ”Chain around my heart.”

Die Bravo fees word aangebied deur Garden Route Casino en Swartland Wynkelder.